Ark Blitz

Samuel beteken:

Ek het hom by die Here gekry



Samuel se 2 susters en 3 broers



Eli, die gryse weet nie hoe om sy kinders op die pad van die Here te kry nie



Brandoffer altaar

Wanneer mense se gedrag tot oneer van die Here se naam strek, begin Hy nuut met ander mense.

Hofni en Pinehas veroorsaak dat die mense agting vir die offer vir die Here verloor.

Gaan God sy belofte kanselleer?
Kyk by 1 Sam 2: 30

Les 28 – **TOE ORE!**

Maats lees: 1 Samuel 2:11-36

Die priester Eli het 2 seuns gehad: Hofni en Pinehas. Daar was baie streng reëls by die tempel. Die priesters moes die heeltyd daar werk, en daarom het hulle nie hulle eie diere gehad om te slag nie. Die reëling was dat as iemand ’n dier bring om aan die Here te offer, mag die priester se slaaf met ’n groot vurk kom en nadat die vet aan die brand gesteek is, van die vleis met sy vurk uithaal – dit is dan die priesters se vleis om te eet. Maar hulle moes eers die vet aan die brand steek as ’n offer vir die Here. En wat doen Eli se seuns toe. Hulle wil nie wag totdat daar eers aan die Here geoffer is nie. Hulle sê vir hulle slaaf om sommer dadelik vleis raak te steek met die vurk en vir hulle te bring. Die mense wat die offers gebring het, was toe baie kwaad, en dit was nie meer vir hulle lekker om die offer aan die Here te bring nie. Terwyl hierdie twee groot seuns al hoe meer lelike goed begin doen het, het Samuel die Here regtig gedien. Elke jaar wanneer Samuel se ouers na die tempel toe kom, het Hanna vir hom ’n nuwe mantel (dis soos ’n jassie) gebring. Dan het Eli onthou hoe Hanna gebid het om ’n seun te kry, en dan het Eli hulle geseën en gesê: “Mag die Here vir julle nog kinders gee.” En so het dit ook gebeur. Hanna het nog drie seuns en twee dogters gekry wat by haar en Elkana was, maar Samuel het by die tempel gebly, waar Hy alles van die Here kon leer en die Here elke dag kon dien. Eli se kinders het al hoe meer slegte goed gedoen en met die vrouens wat by die tempel gekom het, gelol. Dan het hy maar net met hulle gepraat en gesê hulle moet dit nie weer doen nie, want hulle is nie goeie voorbeelde vir die mense nie. Verder het hy ook maar niks gedoen nie. En hulle? Hulle het hulle nie aan hulle pa gesteur nie! So het dit toe gebeur dat die Here ’n man na ou Eli toe gestuur het en vir hom gesê het dat Hy nie meer gaan doen wat Hy beloof het nie. Die Here het beloof dat Eli en sy kinders en hulle kinders Hom as priesters by die tempel sal dien. Nou gaan die Here ’n einde daaraan maak! Die Here het toe gewaarsku dat Eli se seuns sal sterf en dat Hy vir Hom ’n nuwe priester sal aanstel, wat maak soos Hy sê – een wat ore het!